

Sit die laaste koue dae stylvol 'warm' in blou.
Hier is 'n trui met sneeuvlokkie-motiewe en kabels vir
die ervare breisters. Deur Riana van der Merwe

Sneeuvlokkies

TEEN DIE KOUER

Hierdie patroon is vir ervare breisters.

Koste: Sowat R85,00

MATE

Om borsmaat van 82(87-92; 97;102;107-112) cm lossies te pas; **Ware grootte:** Borsmaat: 102(109;116;123,5;131) cm; lengte tot halsrand van agterpant: 68(69;70;71;72) cm; mounaat: 42(43;44;46;47) cm

SPANNING

Spaar tyd deur 'n spanning-toets te doen.
22 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4 mm-naalde. Die regte spanning is baie belangrik; indien daar te min steke in jou toetslapie is moet dunner, en indien te veel steke, dikker brei-naalde gebruik word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe
awva – brei aweregs in voor- en agterkant van volgende steek
aw – aweregs
beg – begin
drif – dubbelriffelsteek: r2, aw2 deurgaans
herh – herhaal
kn – kabelnaald
ks – koussteek: een ry regs, een ry aweregs;
k8v(of a) – glip 4 ste op kn

en hou aan voor(of agter) kant van werk, r4, r dan die 4 ste op kn

N(e) – naald (naalde)

oorbl – oorblywende

pat – patroon

R(V)K – regte (verkeerde)

kant van werk

st(e) – steek (steke)

tes – tesame

vermeer – vermeerder

vermin – verminder

vlg – volgende

weersk – weerskante

BENODIGDHEDE

Pingouin Classic DK (50 g-bolle), 10(11;12;13;14) bolle Lovat – groen (kleur-nr. 67, A), en een bol Aran (08, B); 'n paar elk Inox-breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; 1 Inox-kabelnaald.

Let wel: Tensy aanbevole brei-draad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide kledingstuk aanvaar nie.

BORDUURWERK

Volgens diagramme, in kruissteek op die ks-paneel op voorpant.

KABELPANEEL

Oor 20 ste.

1e ry: aw2, r16, aw2.

2e ry: r2, aw16, r2.

3e en 4e ry: soos 1e en 2e ry.

5e ry: aw2, k8a, k8v, aw2.

6e ry: Soos 2e ry. Dié 6 rye

vorm een kabel-pat.

AGTERPANT

Gebruik 3,25 mm-Ne en A en stel 114(122;130;138;146) ste op; brei drif.

1e (RK) ry: r2, *aw2, r2*; herh van * tot *.

2e ry: *aw2, r2*; herh van * tot *, eindig met aw2.

3e ry: Soos 1e ry.

Vermeer: rif18(22;26;30;34), *r2, (aw1, awva, awva) 3 keer, aw1, r2*; rif18, herh van * tot *, rif18, herh nogmaals van * tot * rif oorbl 18(22;26;30;34) ste – 132(140;148;156;164) ste. Brei voort in rif met kabelpaneel.

1e ry: rif18(22;26;30;34), *brei 1e ry van kabelpaneel oor vlg 20 ste, rif18*; herh van * tot *, brei 1e ry van kabelpaneel nogmaals, rif18(22;26;30;34). Brei so voort met 3 kabelpaneel soos vasgestel, hou die ste daartussen in drif soos tevore; brei nog 35 rye, eindig dus met 6e kabelpaneelry.*

Slaan oor na 4 mm-Ne en brei pat soos vlg:

1e ry: r18(22;26;30;34), *brei 1e ry van kabelpaneel, r18*; herh van * tot *, brei 1e ry van kabelpaneel nogmaals, r18(22;26;30;34).

Brei so voort met 3 kabelpaneel, maar brei die ste aan sy-kante en tussen die paneel ks. Brei nog 87 rye, eindig dus met

'n VK-ry.

Die rye moet baie sorgvuldig getel word sodat voor- en agterpant presies ewe lank sal wees.

Mousgatvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg 4 alt rye.

Brei voort op oorbl 120(128; 136;144;152) ste tot werk 24(25; 26;27;28) cm lank is vanaf beg van mousgatvorming, regaf gemeet; eindig met VK-ry.

Skouer- en halsvorming: Heg in vlg rye styf af bokant kabel-paneel.

1e ry: Heg 12(13;14;15;16) ste af, brei tot daar 33(35;37;39;41) ste op regternaald is. Heg vlg 30(32;34;36;38) ste af, brei tot einde.

Linkerskouer: Heg 12(13;14;15; 16) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van daarop-vlg ry; herh die 2 rye een keer, heg dan oorbl 11(12;13;14;15) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

Regterskouer: Heg draad aan halsrand van oorbl ste vas, heg 5 ste af, brei pat tot einde. Heg 12(13;14;15;16) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van daaropvlg ry. Heg oorbl 11(12;13;14;15) ste af.

VOORPANT

Soos agterpant tot **, slaan dan oor na 4 mm-Ne en begin



foto en ontwerp
PINGOUIN; patroon-
versorging SJOUKJE
JORDAAN

patroonpaneel.

1e ry: r21(25;29;33;37), (r2tes, r2tes, r1) 3 keer, r20, brei 1e ry van kabelpaneel, r21, (r2tes, r2tes, r1) 3 keer, r20(24;28;32;36) – 120(128;136;144;152) ste.

2e ry: aw50(54;58;62;66), brei 2e ry van kabelpaneel, aw50(54;58;62;66).

Brei nog 51 rye met kabelpaneel in middel en ste aan weerskante in ks.

54e ry: aw21(25;29;33;37), (awva, awva, aw1) 3 keer, aw20, brei die 20 ste van kabelpaneel, aw21, (awva, awva, aw1) 3 keer, aw20(24;28;32;36) – 132(140; 148;156;164) ste.

55e ry: r18(22;26;30;34), brei 1e ry van kabelpaneel, r20, (r2tes, r2tes, r1) 3 keer, r2tes, r19, brei 1e ry van kabelpaneel nogmaals, r18(22;26;30;34) – 125(133;141;149;157) ste.

56e ry: aw18(22;26;30;34), brei 2e ry van kabelpaneel, aw49, brei 2e ry van kabelpaneel nogmaals, aw18(22;26;30;34).

Brei nog 32 rye soos nou vasgestel; die voorpant is nou so lank soos agterpant tot mousgatvorming.

Mousgatvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg 4 alt rye – 113(121;129;137;145) ste.

Brei 9 rye sonder vorming; 107 rye vanaf beg van pat is nou voltooi, die middelboord nie bygetel nie.

108ste ry: aw12(16;20;24;28), pat 20, aw20, (awva, awva, aw1) 3 keer, awva, aw19, pat 20, aw12(16;20;24;28) – 120(128; 136;144;152) ste.

109e ry: r15(19;23;27;31), (r2tes, r2tes, r1) 3 keer, r20, brei 1e ry van kabelpaneel oor vlg 20 ste, r21, (r2tes, r2tes, r1) 3 keer, r14(18;22;26;30) – 108(116;124;132;140) ste

110e ry: aw44(48;52;56;60), brei 2e ry van kabelpaneel, aw44(48;52;56;60).

Brei soos nou vasgestel met een kabelpaneel in middel en die ste aan weersk in ks.

Brei sonder vorming tot werk 19(20;21;22;23) cm lank is vanaf beg van mousgatvorming, regaf gemeet, eindig met 'n VK-ry.

Hals- en skouervorming:

1e ry: r45(48;51;54;57) ste, plaas dit op reserwenaald, heg vlg 18(20;22;24;26) ste af, ont-hou om styf af te heg bokant die kabelpaneel, r tot einde.

Regterskouer: Brei 1 ry op oorbl 45(48;51;54;57) ste.

***Heg 4 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, 2 ste aan dieselfde rand in vlg 3 alt rye en 1 st in daaropvlg 2 alt rye.

Eindig dus aan syrand en 29(32;35;38;41) ste bly oor.

Hou halsrand reguit en heg vir skouervorming aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry telkens 10(11;12;13;14) ste af, brei nog 1 ry en heg oorbl 9(10;11;12;13) ste af.

Linkerskouer: Heg draad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi soos uiteengesit vir regterskouer van *** tot einde.

MOUE (2)

Gebruik 3,25 mm-Ne en A en stel 50(50;54;58) ste op.

1e ry: aw0(0;2;2;0), (r2, aw2) 1(1;1;1;2) keer, r10, (aw2, r2) 5 keer, aw2, r10, (aw2, r2) 1(1;1;1;2) keer, aw0(0;2;2;0).

2e ry: Brei 4(4;6;6;8) ste drif soos vasgestel, (aw1, awva, awva) 3 keer, aw1, rif22, (aw1, awva, awva) 3 keer, aw1, brei 4(4;6;6;8) ste drif soos vasgestel – 62(62;66;66;70) ste. Brei voort in rif met kabelpaneel.

3e ry: Brei 2(2;4;4;6) ste rif, brei 1e ry van kabelpaneel oor vlg 20 ste, (aw2, r2) 4 keer, aw2, brei 1e ry van kabelpaneel nogmaals, dan 2(2;4;4;6) ste rif. Hou pat deurlopend en neem ekstra ste in drif op, vorming soos vlg:

1e, 3e en 5e grootte: Brei nog 2 rye sonder vorming, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en nogmaals in vlg 6e ry, vermeer daarna aan weersk van elke vlg 4e ry, 8 keer altesaam.

2e en 4e grootte: Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry, dan elke daaropvlg 4e ry, 10 keer altesaam.

Alle groottes: 44 rye vanaf beg is nou voltooi en 82(84;86;88;90) ste is op N. Slaan oor na 4 mm-Ne en brei ks met kabelpaneel.

1e ry: r12(13;14;15;16), pat20, r18, pat20, r12(13;14;15;16). Gaan voort soos nou vasgestel; brei nog 2 rye sonder vorming en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry, daarna elke vlg 4e ry, nog 16(17;18;19;20) keer; neem ekstra ste in ks-deel op.

Brei op die 116(120;124;128;132) ste wat dan op N is tot werk 42(43;44;46;47) cm lank is vanaf beg.

Moukopvorming: Heg 1 st af aan beg van vlg 2 rye, 2 ste aan beg van daaropvlg 4 rye, en 3 ste aan beg van vlg 2 rye. Heg oorbl 100(104;108;112;116) ste af.

Moenie te styf afheg oor die kabels nie.

BORDUURWERK

Met B in kruissteek op die ks-paneel van voorpant.

Borduur die eerste paneel aan regterkant van voorpant volgens diagram 1.

Begin by 5e ry, slaan 1(3;5;3;5) ste vanaf syrand oor, borduur dan een motief oor 3 ste en 3 rye; borduur nog 5(5;5;6;6) sulke motiewe oor dieselfde 3 rye met telkens 6 ste tussen elke 2 motiewe.

Borduur nog 4 motiefstroke bokant die eerste strook, elkeen 8 rye bokant die vorige. Borduur die eerste ks-paneel aan linkerkant van voorpant volgens diagram 2. Begin by 5e

ry en merk met rygdraad reghoek van 41 ste breed en 45 rye lank, laat 5(7;9;11;13) ste aan sykant van paneel en 4(6;8;10;12) ste aan binnerand oop. Borduur binne-in dié reghoek die motiewe volgens diagram 2. Volg diagram 3 vir borduwerk op tweede ks-paneel in middel van voorpant. Slaan die eerste 24 ste van 5e paneelry oor en plaas die middelste st van dié motief in vlg st; voltooi die motief soos nou vasgestel. Begin bokant mousgat vir derde patgedeelte, volg diagram 2 in die eerste ks-paneel aan regterrand; begin in 5e ry en slaan 2(4;6;8;10) ste aan syrand oor; merk dan 'n reghoek soos tevore uiteengesit en borduur die motiewe volgens diagram 2. Volg diagram 1 vir die ks-paneel aan linkerrand; begin in 5e ry; slaan eerste 2(4;2;4;6) ste aan binnerrand van paneel oor en borduur motief oor vlg 3 ste. Borduur nog 4(4;5;5;5) sulke motiewe oor dieselfde rye, met telkens 6 ste tussen elke 2 motiewe. Borduur nog 4 stroke motiewe bokant die eerste strook, met 8 rye tussen elke 2 motiefstroke.

HALSSTROOK

Werk regterskouernaat toe.

Met RK voor en 3,25 mm-Ne en A, tel op en r64(66;68;70;72) ste uit halsrand van voorpant en 50(52;54;56;58) ste uit halsrand van agterpant – 114(118;122;126;130) ste.

Beg met 2e rif-ry en brei 15 rye drif. Brei nog 6 rye ks en heg lossies af.

AFWERKING

Werk tweede skouernaat en halsboordjienaart aanen toe, maar werk ks-rye aan RK toe sodat dit die aw-kant wys en effens oprol.

Werk moukoppe vas. Werk sy-en mounate toe. □

Brei 'n vakansie los

Brei of hekel 'n eg Suid-Afrikaanse trui vir **Rooi Rose** en die VLV van Kaapland se handwerkwedstryd en word die gelukkige wenner van 'n reis deur Zimbabwe!

Diagram 1




Diagram 2





Diagram 3



Sleutel tot diagram

- – borduur kruissteek met B
- – agtergrond koussteek
- ▲ – middel van diagram

TWEE WEKE IN ZIMBABWE

Die eerste prys is 'n reis van 14 dae deur Zimbabwe en die Oostelike Hooglande. Dié luukse busreis gaan 'n belewenis wees! Ons wenner en haar metgesel gaan in voortreflike hotelle bly, op vyfster-busse reis en sal vergesel word deur puik gidse.

KONTANTPRYSE OOK

Benewens die heerlike vakansie bied **Rooi Rose** ook drie kontantpryse van R500 elk aan vir die drie patrone wat ons kies om te publiseer.

Deur aan ons heerlike brei-wedstryd met sy groot pryse deel te neem, gaan jy help om iemand anders se winter aanstaande jaar warmer te maak, want na die wedstryd skenk ons die trui aan welsynsorganisasies landwyd.

Rooi Rose bied die wedstryd aan in samewerking met die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland. Die VLV is reeds in 1929 gestig en die 67e jaarkongres word vanjaar van 13-15 Augustus op Stellenbosch gehou.

REÛLS

1. Brei vir ons 'n eg Suid-Afrikaanse trui met motiewe en versierings soos diere, blomme, plante en etniese ontwerpe daarop. Die trui kan vir 'n volwassene of 'n kind wees.
2. Jy kan enige brei- of hekeldraad gebruik.

Heg die etiket en monster van die draad aan jou inskrywing.

3. Jy kan enige brei- of hekeltreknik gebruik en jy mag die trui ook met borduur- en kralerwerk versier.

4. By beoordeling sal punte toegeken word vir konstruksie (50%) en voorkoms en oorspronklikheid (50%).

5. Merk jou inskrywing met 'n stukkie lap waarop jou naam, adres en telefoonnommer geskryf is.

6. Die sluitdatum is 30 November 1996. Eindeelnemers sal voor 31 Desember 1996 skriftelik in kennis gestel word. Eindeelnemers moet patrone binne twee weke daarna vir publikasie gereed hê.

7. Laat inskrywings sal nie beoordeel word nie, maar wel aan die welsynsorganisasies geskenk word.

8. Eindeelnemers moet bereid wees om afgeneem te word en hul patrone vir publikasie beskikbaar te stel.

9. Trui word na afloop van die wedstryd aan welsynsorganisasies geskenk.

10. Republikeinse Pers en die VLV aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore postukke nie.

11. Werknemers van Republikeinse Pers en hul gesinne mag nie deelneem nie.

12. Stuur jou inskrywing saam met 'n oorspronklike inskryfkaart aan **Rooi Rose**/VLV-Breiwedstryd, VLV Kaapland, Posbus 273, Stellenbosch, 7599.

13. Navrae kan skriftelik aan die adres by reël 12 gerig word.

14. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen briefwisseling sal daarvoor gevoer word nie.



Rooi Rose/VLV-BREIWEEDSTRYD

Stuur aan: **Rooi Rose**/VLV-Breiwedstryd, VLV-Kaapland, Posbus 273, Stellenbosch, 7599

Naam:

Adres:

..... kode

Tel (h) (w)

Ek onderneem om my by die reëls te hou

Sluitdatum: 30 November 1996 (handtekening)